LAERSKOOL BEAUMONT

Geagte Ouers 3 Maart 2011

Die volgende sake is vir u aandag hierdie week:

1. EKSAMENS

Let asseblief daarop dat indien u kind siek is, u hom / haar moet tuis hou. Dit is onbillik om van 'n siek kind te verwag om sy / haar eksamen / toets suksesvol af te lê. Kinders wat weens siekte nie hul eksamens / toets kan aflê nie, sal 'n kwartaal punt op hul rapport ontvang. Geen kind sal toegelaat word om huis toe te gaan indien hy / sy skool toe gekom het om 'n vraestel te skryf nie.

U ondersteuning en samewerking in hierdie saak word waardeer.

2. HOOFSEUN / HOOFDOGTER

Beaumont se vier hoofprefekte is hierdie week aangekondig na 'n lang verkiesingsprosedure.

Die 2011 prefekte is in Oktober verlede jaar aangewys sodat hulle in die laaste kwartaal saam met die 2010 prefekte diens kon doen. Hulle het geleer om hul skool te dien, om leiding te gee en om as 'n span te werk aan die uitdagings wat voorlê.

Die 2011 prefekte het vroeër hierdie kwartaal die geleentheid gehad om deel te hê aan die verkiesing van die hoofprefekte, saam met insette van die personeel. Die hoofprefekte is:

Hoofseun:	Christian Nieuwoudt
Hoofdogter:	Cindy Dorrington
Onderhoofseun:	Paul Smuts
Onderhoofdogter:	Monet van Antwerpen

Ons wens hulle alles van die beste vir 2011!

3. KASKARRE

Die karkarwedrenne wat op Woensdag 2 Maart 2011 aangebied is, was weereens 'n groot sukses. Geluk aan alle deelnemers asook aan die organiseerders, verval Mnr Lance Peterson, vir sy tydrowende insette. Dankie ook aan ons ouers vir hul volgehoue ondersteuning. **Onthou asseblief om u kind te help met die borgvorm en om die gelde teen Vrydag 11 Maart 2011 terug te stuur skool toe.**

4. KOMMUNIKASIE / SPORT

Effektiewe kommunikasie is uiters noodsaaklik vir die suksesvolle bestuur van Beaumont. Ons gaan in die toekoms die nuusbrief via e-pos versprei. Ouers word versoek om alle inligting op ons webtuiste op te dateer. Kommunikasie deur epos sal tyd, papier en drukkoste spaar. Data op die databasis sal vertroulik hanteer word. Deur leerders vir al die sportaktiwiteite te registreer, sal die skool beter beheer oor verbintenisse tot sport kan hê en die SMS-stelsel sal ook beter gebruik kan word. Ouers word versoek om die inligting voor 8 Maart 2011 op te dateer. Dankie vir u ondersteuning.

Eenvoudige stappe om te volg:

1. Besoek die webtuiste: www.beaumont4u.co.za:

2. Klik op [your account]

3. Voer u gebruiksnaam (user name) en kodewoord (password) in

4. Indien u vir die eerste keer inskryf (subscribe), klik op [create]
'n Toegang kode sal na u selfoon gestuur word.

5. Sodra u toegang not u rekening gekry het, sal van u verlang word om u persoonlike rekeningbesonderhede, kommunikasie besonderhede asook leerder se besonderhede op te dateer. Die volledige profiel vir elke leerder moet opgedateer word bv. mediese fonds besonderhede, sport deelname ens. Voltooi asseblief al die afdelings.

6. Indien u meer as een leerder by Beaumont het, moet u op 'add learner' klik en die toepaslike inligting opdateer.

Indien u enige navrae het, kontak gerus vir Trish by info@beaumont4u.co.za of trisha@beaumont4u.co.za

5. ECO NUUS

Herwinning

Beaumont is fantasties! Met julle hulp het 94% van die skool verlede week herwin! Dit is wonderlik omdat ons besig is om volwassenes te kweek wat bewus is van die voordele om met 'n kleiner ekologiese voetspoor te leef.

Die wenners van ons klaskompetisie van 21 Februarie is:

Junior Fase:	2E3 en 2A1 – Eerste 100%
	1E1 en 1E5 – Tweede 96%
	3A1 - Derde 87%
Senior Fase:	6A - Eerste – 100%
	5E1 - Tweede – 91%
	7A - Derde – 90%

Die nie-so–goeie-nuus (daar kan nooit slegte nuus oor herwinning wees nie!) is dat ons nie swaarder vragte herwin nie. Ons het swaarder vragte nodig aangesien dit die inkomste van Beaumont sal verhoog wat weer tot die voordeel van Beaumont gebruik sal word.

Hoe om hierdie probleem te oorkom

Ons moedig die 94% herwinnaars aan om jul fantastiese herwinningshouding te behou, maar ons pleit by julle om eerder die groot herwinningsakke of swart vullissakke te gebruik.

Plakkers sal vanaf Maandag, 7 Maart 2011, slegs aan die leerders met 'n vol herwinningsak of swart vullissak gegee word. Dit sal die klaskompetisies meer opwindend maak en 'n groter inkomste aan Beaumont verskaf – dit alles terwyl ons 'n globale doelwit bereik naamlik om Moeder Aarde te bewaar!

Groen Span

'n GROOT WELKOM aan al ons Groen Span lede! Hulle sal vanaf Maandag 7 Maart op hul poste wees waar hul herwinningsmateriaal sal uitsorteer terwyl hulle 'n spontane en vriendelike gees aan die projek verskaf. 'n Groot dankie aan al die Groen Span ouers vir julle ondersteuning deur te sorg dat jul helper altyd betyds by hul korrekte punt afgelaai word. Ons waardeer dit!

Herwinningsdoelwitte vir 2011

Ons wil graag 'n 100% herwinningsdeelname teen die einde van 2011 hê en ons wil die herwinninginkomste van verlede jaar (R38 000) teen Desember verdubbel. Dit is beslis haalbaar indien ons die herwinningsvolume van 2000kg per week na 4000kg per week verhoog deur almal 'n vol herwinningsak of swart vullissak vir die herwinning gebruik. Help ons asseblief in hierdie verband en onthou, hoe meer glas wat herwin word, hoe makliker is dit om die massa te verhoog!

6. KULTUUR - KORE

Die Grondslagfase is besig om hulle voor te berei vir hul konsert en ons is almal baie opgewonde. Aangesien die Graad 4's nie in 2010 die geleentheid gehad het om deel te neem aan die seniorkonsert nie, gaan hulle hierdie jaar deelneem as die Graad 4 koorsing-konsert. Die Juniorkoor oefen Maandae om 08:00 – 08:45 in die Ouditorium en Donderdae in die saal. Die Seniorkoor oefen Woensdae in die Ouditorium en skoolsaal in Vrydae in die Ouditorium. Oefentye is 07:45 – 08:45.

7. SPORT SPOGHOEKIE

Krieket Uitslae

Span		Teenstander	Uitslag	Speler van die Wedstryd
o/10B	vs	De Hoop	– DH wen met 36 lopies	Robert
o/10A	vs	Somerset House	– Beaum wen met 7 paaltjies	Dian Wiese
	vs	De Hoop	– Beaum wen met 9 paaltjies	Juan Burger
o/11A	vs	Methodist	– Beaum wen met 4 paaltjies	Brendan Smith
	vs	Moslem	– Moslem wen met 3 paaltjies	Damian Peterson
o/12A	vs	De Hoop	– DH wen met 3 paaltjies	Dylan Dupond
	vs	Somerset House	– SH wen die wedstryd	Joshua de Freitas
o/13B	vs	SWPS	– Beaum wen met 7 paaltjies	Matt Mederer
o/13A	vs	Moslem	– Moslem wen met 8 lopies	
	vs	Methodist	– Beaum wen met 7 paaltjies	
	vs	The Mall Prep (vanaf London)	– Beaum klop The Mall Team	
	vs	SWPS	– Beaum wen met 101 lopies	

Atletiek

Woensdag, 16 Februarie 2011, het Beaumont aan die Asla Atletiekbyeenkoms deelgeneem. Die atlete het werklik baie goed gedoen en Beaumont kon 'n hele paar rosette inoes.

Saterdag, 26 Februarie was die WP Atletiekbyeenkoms by die Universiteit van Wes-Kaap. Sewe van ons atlete het deelgeneem en ons kon 7 medaljes huis toe bring. Die uitslae was soos volg:

Tegan O'Grady	Hoogspring (2de)	
Arend Stapelberg	75m Hekkies(2de)	150m Hekkies (3de)
Paul Smuts	1500m (3de)	
Jessica Hattingh	Hoogspring (3de)	
Shannon Lee Smith	Hoogspring (2de)	Verspring (3de)

Voorspoed aan hierdie atlete wat op Saterdag 5 Maart 2011 die WP verteenwoordig en aan die Wes-Kaap Atletiekbyeenkoms gaan deelneem.

Swem

Beaumont het Dinsdag 22 Februarie 2011 deelgeneem aan die Helderberg Sone Gala by Somerset House. Die volgende skole het daar deelgeneem: De Hoop, SWPS, Somerset House, Somerset College en Beaumont. Ons swemmers het baie hard geoefen vir die opkomende galas en vir die eerste keer in 'n hele aantal jare het ons dit reggekry om die Gala oortuigend te wen! Baie geluk aan Mev Smuts, Mev Steyn en al die ander afrigters vir al die ure wat hulle insit om ons swemmers af te rig asook aan al die swemmers wat deelgeneem het.

Tennis

Ons o/13A seuns en meisies tennisspanne het onlangs aan 'n toernooi in Sun City deelgeneem. Hulle het ongelooflik goed gedoen en meeste van hulle wedstryde gewen. Beaumont het 3de gekom in hulle afdeling. Baie geluk!

Binnenshuise Hokkie

Beaumont se o/13 binnenshuise hokkiespanne het hierdie kwartaal deelgeneem aan die jaarlikse Binnenshuise hokkietoernooi wat deur Somerset College georganiseer is. Die kompetisie was baie sterk en ons spanne het baie goed gevaar. Die seuns het De Hoop met 7 – 4 geklop in die semi-finaal en het uiteindelik die beker verower deur Somerset College te klop met 9 – 2. Baie geluk!

ONTHOU ASSEBLIEF
WêRELDBIDDAG VIR VROUE

Hierdie spesiale dag op die skoolkalender sal op **Vrydag 4 Maart 2011 vanaf 08:15 tot 08:45** in die skoolsaal gevier word. Al ons mammas word uitgenooi om by ons aan te sluit wanneer ons 'n spesiale program vir ons dogters aanbied. Die fokus sal op gebed wees. Die seuns sal toegespreek word oor sake wat spesifiek op hul van toepassing is vir hierdie jong ouderdom.

8. BELANGRIKE DATUMS

Donderdag 3 Maart	:	Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30
Vrydag 4 Maart	:	Wêreldbiddag vir Vroue vanaf 08:15 – 08:45
	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Geskiedenis
	:	Broodjies vir Macassar
	:	Indigo Spur Sewes Toernooi
	:	Nasorgkamp Gr 4 -7
Saterdag 5 Maart	:	Eikestad Mini-krieket Toernooi
	:	Weskaap Atletiekkampioenskappe
	:	Rhenish krieket sesse – o/13
Maandag 7 Maart	:	Herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	De Hoop Interskolegala (weg)
	:	**GRAAD 4 – 7 GEEN TOETS**
Dinsdag 8 Maaart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Engels
	:	Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30
	:	Graad 7 uitstappie na Kalk Baai
Woensdag 9 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Wiskunde
	:	Graad 7 uitstappie na Kalk Baai
Donderdag 10 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Aardrykskunde
	:	Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30
	:	BBL vergadering om 18:30
	:	Kenridge Interskole Swemgala (weg)
Vrydag 11 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Afrikaans
	:	Kenridge Somer Interskole (weg) – tennis en krieket
	:	Broodjies vir Macassar
Saterdag 12 Maart	:	Kenridge Somer Interskole (weg) – tennis en krieket
Maandag 14 Maart	:	Herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Lewensoriëntering
	:	BOV Vergadering om 19:15
	:	Beaumont Seuns Aflosgala
Dinsdag 15 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Tegnologie
	:	Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30
	:	Somerset House Dogters Aflosgala
Woensdag 16 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 -7 EBW
	:	Somer Sportfoto's
Donderdag 17 Maart	:	Toetsreeks: Graad 4 – 7 Natuurwetenskap
	:	Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30
	:	B Gala – Beaumont
	:	SA – Atletiek

Bly kool en veilig

Vriendelike groete

G. Reddell
Skoolhoof

04/2011